DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**23 Augustus 2020**

**Predikant: Ds. S.P. Venter**
**Pastorie: 015 296 1840**
**Sel: 082 809 0222**
**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

Lees: Openbaring 19: 11 – 21 , Johannes 1: 1 – 4
Fokusteks: Openbaring 19: 11, 13
Tema: Jesus Christus, die Logos, is die oorwinnaar.
Sang: Psalm 107: 1, 10 ; Psalm 110: 1, 4

Jesus Christus die Bruidegom, die Lam kom in heerlikheid na die wêreld as die oorwinnaar. Toe Hy voor die kruisiging die stad Jerusalem gesien het, het Hy gehuil en op die rug van 'n donkie die stad binnegery. In 'n staat van vernedering het die Christus sy werk tot volle uitvoering gebring. Hy sterf aan 'n vloekhout.

Maar nou sien Johannes 'n oop hemel met die Logos – die Woord van God – op 'n wit perd. Hy is die Oorwinnaar. Christus se voorkoms, optrede en hoe Hy sy vyande oorwin staan in die middelpunt. Hy is op die oorlogspad met 'n kop vol krone - Christus het onbeperkte mag, majesteit en heerskappy. Die draak wat die kerk direk aanval, saam met die vals profeet en die antichris gaan vernietig word. Die aasvoëls gaan hulle lyke eet. Die Betroubare kom vervul God se belofte van Gen 3: 15. Die laaste vyand, die Duiwel, is vir ewig in die poel van vuur en swael gegooi. Glo jy dit? Lees HK vr 35.

Dit is elke gelowige se troos. Toe God die openbaring aan Johannes gegee het, het die kerk geweldige vervolging onder die Romeinse keisers ervaar. Elke keiser wou die vorige uitstof om nuwe tegnieke uit te werk om die skare te vermaak op die manier waarop christene in die arena vermoor is. Dit het gelyk asof die bose magte die oorhand kry en die kerk uitgeroei gaan word. Die jong kerk het gesteier onder die aanslag van Satan. Onder die inspirasie van die Heilige Gees het die woord deur gelowiges na die uithoeke van die ryk versprei. Mense het die Lig gesien in 'n wêreld wat in Rome se donkerte vasgevang was. Die verleidingsgees van Rome kon die kerk nie oorwin nie.

Wat leer die Here ons vandag? Ons beleef nie in ons land openlike vervolging van die kerk nie. Ons beleef wel die subtiele planne van die bose magte om die inwoners van God af te trek.

Politieke byeenkomste en Kabinetsvergaderings gebeur op Sondae. Om die Here te dien en Sondag in erediens saam met medegelowiges bymekaar te kom word as oudmodies en uitgedien beskryf. Om gelowig te leef en om openlik te getuig van dit wat God leer, maak van jou iemand wat sogenaamd onverdraagsaam is en nie ander se gevoelens in ag neem nie. God word openlik teengestaan in die skole, waar godsdiens verbied is. Die kerk word ‘n plek waar politiek bedryf word.

Die stryd tussen goed en kwaad kom al meer na vore. Die ligdraers van Jesus Christus word as die leuenaars voorgehou en dit wat in stryd met God en Sy woord is, word as waar en reg voorgehou. Jy mag nie meer verkondig dat daar iets soos sonde is nie. Jy is dan “intollerant”. Die lewe word ‘n grys vlakte waarin alles goed gepraat word. Die oortreders van God se gebod – Jy mag nie steel nie – word deur die regering beloon met nuwe, groter en beter aanstellings. Wêreldwyd is korrupsie die grootste gevaar vir lande se ekonomiese groei en ontwikkeling. Die mensdom is vasgevang in ‘n stryd tussen goed en kwaad, tussen lig en donker. In SA letterlik so vir ons skole, danksy al die ongerymdhede by Eskom.

Maar die stryd gebeur nie net daar buite in die samelewing nie. Dit gebeur binne-in ons. Ons beleef daaglikse aanvalle van die Satan. Versoekings neem toe, veral wanneer die effek van die pandemie groter word. Ons mag nie laks word en dink dat ons nie meer ‘n verantwoordelikheid in hierdie land het nie. Ons is die lig vir mense rondom ons. Jy is die steunpilaar vir jou mede broer en suster wat in die tyd swak word in die geloof. Bid vir mekaar. Bid dat ons nie afvallig word en op verkeerde paaie beland nie.

Ons word hier getroos en gewaarsku. Die tyd is besig om uit te loop. Die goeie oorwin. Die waarheid oorwin die leuen. Die swaard van die Woord sal die nasies verpletter. Sommige sal buig in eerbetoon, ander sal huil omdat die tyd op is. Dien die Here en bly getrou aan Hom. Hy is in beheer van die magte van hierdie wêreld. Hy is oppad met al Sy uitverkore kinders na die nuwe Jerusalem. Neutraliteit in die stryd bestaan nie. Waar staan jy vandag en wat doen jy elke dag? Aanbid God. Jubel saam met die hemelkoor: Halleluja. Prys Jahwe.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons maak met leedwese die sterwe van Koemi vd Walt se tante, Rita Eloff, wat lidmaat van ons gemeente was, bekend. Ons bid haar gesin en familie die troos van die Here toe.
* Ons bid vir Christine du Plessis wat met die virus besmet is en in die hospitaal opgeneem is. Sy sukkel 'n lang tyd met haar longe en is permanent op 'n suurstofmasjien. Ons bid vir haar herstel. Ons is baie dankbaar dat Cornè, haar man, wat ook positief getoets het nou op die herstelpad is.
* Ons is dankbaar dat Gerhard Maritz deur sy operasie is. Hy wag nog vir uitslae op die toetse wat gedoen is. Ons bid dat al die wonde spoedig sal herstel. Sterkte vir jou en Martie.
* Heidi de Villiers is weer aan haar voet geopereer. Ons bid dat die verdere infeksie gekeer is. Sy is Vrydag ontslaan en sterk tuis aan.
* Johan van Biljon was verlede week by die Nefroloog in Pretoria en ons is baie dankbaar dat dit met hom goed gaan.
* Ons bid vir almal wat deur die pandemie geraak word. Sommige is emosioneel diep getref deur die inperking. Ander is finansieël swaar geraak.
* Ons bid vir ons kinders, studente, ouers, onderwysers en dosente wat deur 'n moeilike tyd gaan. Mag die Here julle almal geestelik versterk en vir julle lig en wysheid gee om die beste van die saak te maak.

## MEDIAKOMMISSIE

Die mediakommissie wil die gemeente inlig dat die preke van Ds. Sarel nou ook op You Tube beskikbaar is. Gemeentelede moet vanaf hulle slimfoon, tablet of rekenaar slegs op YouTube gaan en inteken op "***GKSA Pietersburg***" om die preke te volg. Hou net ingedagte dat dit data of WiFi benodig.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor weer oop is op Maandae; Woensdae en Vrydae van 08:00 tot 12:00 uur.

## DIAKONIE

* Die diakonie wil van hierdie geleentheid gebruik maak om die gemeente te bedank vir hulle ondersteuning aan die diakonie tydens die Covid—19 pandemie, sonder die gemeente se finansiële hulp sou die diakonie nie met hulp ampswerk kon voortgaan nie.
* Die diakonie doen ook 'n beroep op die gemeente vir senkings vir die aankoop van formule melk vir jong babas binne ons gemeente wat nog te jonk is vir ander voedsel soorte.

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.
**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| *** 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer*** | | | |
| Di 25 Aug | Stephan Borman<br>***Pietra Van Der walt ***** | D<br>B | 082 963 9239<br>083 276 9645 |
| Wo 26 Aug | Bennie Hattingh | B | 083 276 9645 |
| Do 27 Aug | Elizabeth Hurter | B | 083 285 8499 |
| Sa 29 Aug | ***Issie Engelbrecht *****<br>Leon Grimbeek | B<br>B | 082 834 5897<br>083 670 4863 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 27 Aug 1994 | Pieter en Anel Nieuwoudt | 26 | 073 416 1297<br>072 225 9555 |

| | | |
|---|---|---|
| **Preke en Die Basuin :**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas**<br><br>**Diakonie**<br><br>**Koningskinders**<br><br>**Geref. Susters Org. Pietersburg**<br><br>**Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

En ek het gesien die hemel is oop. Toe sien ek 'n witperd! Die Persoon wat op die perd gesit het, se naam was "Hy wat altyd doen wat Hy sê " en "Die Waarheid" Want wanneer Hy oordeel en oorlog maak, dan doen Hy altyd wat reg is.
Openbaring 9: 11

